191. A.1 (2)

# DIE ARGIEF - JAARBOEK VIR SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS.

( Deur prof. H. B. Thom).

Die tyd toe geskiedkundige navorsing in Suid-Afrika beoefen is deur 'n paar liefhebbers wat min argiefstukke maar baie mondelinge oorlewering - en miskien eweveel verbeeldingskrag - gebruik het, is gelukkig al lankal verby. Reeds jarelank word daar nou al deur goed-geskoolde historici deeglike wetenskaplike navorsingswerk in ons argiewe gedoen.

Maar die beste historiese arbeid is in ons land in die reël nie dié wat die maklikste 'n uitgewer vind nie. Uitgewers kyk hoofsaaklik na 'n groot leserskring, en daarop kan ons goeie geskiedkundige werk maar selde aanspraak maak. In die skole kan dit nie voorgeskryf word nie, want dit kan nie as leerboeke gebruik word nie, - en buitendien het daar in ons land deesdae so 'n gevoeligheid teenoor vaderlandse geskiedenis as skoolvak gekom, dat veel van wat waar en aangrypend daarin is, verswyg moet word.

Die gewone leser uit die volk toon gewoonlik ook nie veel belangstelling vir weloorwoë, kalme geskiedskrywing, waarin daar met behulp van talryke voetnote en ander kritiese apparaat rekenskap van bewerings gegee word nie. Om heel begryplike redes wil die gewone man veel liewer die dramatiese en sensasiewekkende hê.

Die wetenskaplike historikus het dus dikwels nie geweet wat om met sy werk te doen nie. Met ernstige, moeisame arbeid, wat soms jare in beslag geneem het, het hy miskien 'n uiters belangrike bydrae tot ons historiese kennis gelewer, maar sy manuskrip het op sy rak bly lê of anders in 'n biblioteek, waar die stof miskien darem 'n enkele keer daarvan afgeblaas is as 'n latere navorser dit kom raadpleeg het.

In ons jong land, waar daar nie soos in die ouer lande van Europa historiese genootskappe en tydskrifte en ook universiteitsperse bestaan om die geskiedskrywer met die publikasie van die resultate van ernstige navorsing by te staan nie, was die behoefte aan 'n geskikte publikasie-medium besonder groot. Dit was om in hierdie dringende behoefte te voorsien dat die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis in die lewe geroep is.

Ofskoon verskeie belangstellendes, o.a. dr. C. Graham Botha (die vorige Hoofargivaris), prof. A.J.H. van der Walt (tans Direkteur van Eksterne Studies in Pretoria) en skrywer hiervan, die behofte bespreek en na 'n redmiddel gesoek het, was dit in werklikheid prof. J. L. M. Franken van Stellenbosch wat die spyker op die kop geslaan het en met die mooi gedagte van 'n Argief-Jaarboek voor die dag gekom het.

In 'n artikel in die Stellenbossche Oudstudent van September 1937 het hy sy idee uiteengesit. „ Ek kom 'n pleidooi hou", so verklaar hy, „ vir die uitgawe van 'n Jaarboek, waarin die resultate van geskiedvorsing in ons argiewe gepubliseer kan word." Hy meen dat die uitvoering van so 'n plan van die owerheid moet uitgaan: „ Ek kan my die totstandkoming van so 'n uitgawe alleen voorstel, as dit van regeringsweë in verband met ons argiefswese geskied. Dit sal voorsien in 'n broodnodige behoefte en die kroon sit op die werk wat op die gebied van die argiefwese deur die verskillende provinsies van die Unie tot stand gebring is."

Prof. Franken wys daarna op wat reeds in verband met bewaring, rangskikking en beskikbaarstelling van stukke in ons argiewe bereik is, en vervolg dan : „ Ek waag dit om nog 'n stap verder te gaan en te beweer dat 'n argief pas dan volkome aan sy doel, sy uiteindelike ideale doel, beantwoord as dit ook geleentheid bied om die verwerkte bronne toeganklik te maak vir 'n wyer kring deur publikasie daarvan , as andersins die geleentheid daartoe ontbreek".

Eindelik wend hy hom tot die Minister van Binnelandse Sake - onder wie die argiewe resorteer - met die dringende versoek „ om die goeie werk wat reeds op die onderhawige gebied gedoen is nog doeltreffender te help maak deur in die vervolg op die begroting 'n bykomende bedrag van £500 te plaas vir die uitgawe van 'n Jaarboek vir publikasie van werk wat direk gebaseer is op wetenskaplike ondersoek gedoen op die gebied van Suid-Afrikaanse geskiedenis in ons argiewe in die vier hoofstede."

Die idee van 'n Jaarboek is met byval begroet. Aan die pers het dit gunstige kommentaar ontlok, en verskeie historici het dit toegejuig. Wat veral van belang was, was dat die destydse Hoofargivaris, dr. Botha (wat tans nog op die redaksie dien), dit sterk ondersteun en aan die Minister vir goedkeuring voorgedra het.

Die uitkoms van hierdie (en baie ander) voorbereidingswerk was dat die Minister toegestem en die gevraagde som beskikbaar gestel het. Tot redaksie het hy benoem die Hoofargivaris (dr. Botha) , die destydse Assistent-Hoofargivaris (dr. Coenraad Beyers),prof. Franken en skrywer hiervan, met die destydse Kaapse Argivaris, dr. P.J. Venter, as Sekretaris.

Vervolgens het die Redaksie oorgegaan tot die opstelling van 'n reglement vir die Jaarboek, wat, behoudens enkele wysiginge, toe ook deur die Minister bekragtig is. Hierin is o.a. vir die uitgawe 'n naam vasgestel, t.w. Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 'n naam wat in die lig van die ontstaan van die uitgawe seker nie onvanpas was nie.

Die Redaksie het dadelik begin om geskikte materiaal vir die Jaarboek te versamel. Kennisgewings het in die koerante verskyn; die universitêre inrigtings het almal mededelings ontvang; en met verskeie navorsers is direkte kontak gemaak. Binne korte tyd was daar reeds 'n hele aantal deeglik stukke werk aangebied, wat duidelik aangetoon het

hoe groot die behoefte aan so 'n uitgawe was. Keuring van die bydraes het eers geen maklike taak gelyk nie, maar in die lig van die beskikbare ruimte en die gehalte van die bydraes het dit tog gou duidelik geword wat in die eerste jaargang sou moes verskyn.

In 1938 kon die eerste jaargang van die Jaarboek toe in twee vry groot dele die lig sien. Dit was 'n belangrike gebeurtenis nie slegs vir die medewerkers wie se stukke daarin opgeneem was nie, maar ook vir die Suid-Afrikaanse geskiedvorsing in die algemeen. In sy voorwoord by die eerste deel kon die Hoofargivaris skryf: „Researchers doing thorough scientific work in the Archives should thus find a means of publishing the results of their investigations and thus make them available for others". - En hierin lê juis die groot waarde van die Jaarboek.

In Deel I het daar drie stukke verskyn. Twee hiervan was kort bydraes, t.w. een van die onvergeetlike prof. W. Blommaert, „Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap", en een van die Kaapse argivaris, dr. P.J. Venter, oor „The Destruction of Records in South Africa", maar die derde was 'n groot, uitvoerige studie, nl. prof. D. W. Krüger van Potchefstroom se doktorsdissertasie, Die Weg na die See. Met hierdie laaste bydrae, wat die oorgrootste gedeelte van Deel I bestaan, en waarin die betekenis van die Ooskus - veral Portugees-Oos-Afrika - in verband met die Boere-beleid vóór 1877 uitgebring word, het die Jaarboek op waardige wyse sy buiging gemaak, want hierdie werk getuig van wetenskaplike navorsing van hoë gehalte en is buitendien ook, wat vorm betref, besonder goed versorg.

Deel II van die eerste jaargang is gewy aan één groot bydrae, t.w. Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, deur dr. J. Hoge aan Stellenbosch. Hierdie werk, wat die resultate van intensiewe argivale navorsing oor 'n hele aantal jare bevat, is eweneens 'n voorbeeld van geduldige,

deeglike geestesarbeid en sal ongetwyfeld jarelank die standaardwerk oor die Lutherse Kerk aan die Kaap bly.

In die verdere jaargange het daar 'n verskeidenheid van bydraes verskyn. Die Kompanjiestyd word deur verskeie mooi studies verteenwoordig. Hierdie periode, wat ongelukkig vandag nog soms as die „Donker Middeleeue" van ons geskiedenis beskou word, is in werklikheid vir ons uiters belangrik aangesien die vernaamste grondslae van ons hele nasionale en kulturele bestaan toe gelê is.

Die belangrikheid van hierdie tyd blyk ook al gou as ons na die betrokke stukke werk kyk. In 1940 het prof. Franken se Kaapse Huishoue in die Agtiende Eeu verskyn, waarin ons aan die hand van Von Dessin se brieweboek en memoriaal 'n insig in die sosiale en ekonomiese toestande van 'n vooraanstaande ou Kaapse huisgesin kry. In dieselfde jaar het dr. P. J. Venter se Landdros en Heemrade die lig gesien, 'n verdienstelike doktorsdissertasie waarin die skrywer ons eers ver in ons staatskundige verlede terugvoer en dan die werking en betekenis van die bekende ou Kaapse lokale bestuursinstellinge laat sien.

Twee jaar later het C. F. J. Muller, tans senior lektor in Geskiedenis van die Departement Eksterne Studies in Pretoria, met sy indringende ondersoek na die eerste honderd jaar van die geskiedenis van die oudste Suid-Afrikaanse industrie, die vissery, voor die dag gekom, en daarna het weer mej. Maria M. Marais se Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie verskyn, 'n studie wat omrede van die wetenskaplike gehalte en die onderwerp daarvan in ons tyd - waarin so 'n lewendige belangstelling vir maatskaplike werk geopenbaar word - besondere aandag verdien. Die jongste uitgawe van die Jaarboek is ook aan 'n studie uit die Kompanjiestyd gewy, t.w. dr. Anna J. Böeseken se Nederlandse Kommissarisse en die Agtiende Eeuse Samelewing aan die Kaap, wat ek onlangs

uitvoerig in Die Huisgenoot bespreek het en m.i. van uitmuntende navorsingswerk bewys lewer.

Soos 'n mens kan verwag, staan die meeste bydraes tot die Jaarboek~~e~~ egter in verband met ons negentiende eeuse geskiedenis. In 1939 het die sesde - en laaste - deel van sir Geo. Cory se bekende Rise of South Africa, of liewer die sesde deel se eerste ses hoofstukke wat ten tyde van sir George se heengaan reeds voltooi was, in die Jaarboek verskyn. Met die opname van hierdie werk, waarin hoofsaaklik die tyd van sir George Grey behandel word, het die Jaarboek nie slegs ons geskiedskrywing verryk nie maar ook paslike ~~beelde~~ hulde aan die nagedagtenis van die ontslape historikus gebring.

Oor die Kaapse geskiedenis is daar nog 'n hele paar ander verdienstelike bydraes. C.E.G. Schutte se werk, Dr. John Philip's Observations regarding the Hottentots of South Africa, is b.v. 'n kritiese studie van hoë gehalte, terwyl Phyllis Lewsen se First Crisis in Responsible Government in the Cape Colony 'n oorsigtelike en duidelike oorsig van 'n moeilike vraagstuk gee.

Die Vrystaatse en Natalse geskiedenis word deur dr. J.J.G. Grobbelaar se Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-Vraagstuk en dr. A. J. du Plessis se Republiek Natalia verteenwoordig. Dit is twee werke hierdie wat uit wetenksaplike oogpunt beskou, baie verdienstes toon en wat geen liefhebber van ons egte Boeregeskiedenis mag oorslaan nie.

Die Transvaalse geskiedenis word reeds ruimskoots verteenwoordig. O.a. is daar 'n mooi bydrae van wyle dr. D. J. Pieterse, in lewe argivaris in Kaapstad en Pretoria, oor Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884; 'n histories-topografiese studie van B.H. Dicke, The Northern Transvaal Voortrekkers; 'n uitvoerige werk van dr. F. A. F. Wichmann oor Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche

Republiek, 1838 - 1860; en 'n besonder leesbare bydrae van die huidige Kaapse argivaris, dr. Hendrik Breytenbach, oor Andries François du Toit en sy Aandeel in die Transvaalse Geskiedenis.

Ofskoon ons hiermee nog hoegenaamd geen volledige opgawe gegee het van wat daar reeds in die Jaarboek verskyn het nie, het ons tog reeds 'n aanduiding van die omvang en ryke verskeidenheid van die inhoud daarvan verstrek. Dit sal duidelik wees dat geen Suid-Afrikaanse geskiedkundige meer kan bekostig om daarsonder klaar te kom nie.

Historici en biblioteke sal verstandig handel indien hulle vorige uitgawes wat hulle nog nie besit nie, van die Staatsdrukker wil bestel solank dit nog voorhande is. Die uitgawes van die Jaarboek beslaan reeds twaalf groot dele wat, in uniforme, keurige groen band met vergulde opskrifte, uiterlik ook mooi vertoon. Die verkoopprys, 12/6 per deel, is vir ons tyd baie laag - selfs heelwat benede die produksiekoste - en dis dus nou die tyd om komplete stelle op te bou. Na enige jare sal die prys seker ook, soos oor-en-oor met Africana gebeur, ten gevolge van die doenigheid van ywerige versamelaars en antikwariate in die hoogte gejaag word, en dan sal daar geen slag meer te slaan wees nie.

Gedurende die eerste vyf jaar van die bestaan van die Jaarboek was dit gebruiklik dat elke jaargang uit twee dele bestaan het, maar later is daar net één deel per jaar uitgegee. Bowendien het die Jaarboek ook 'n paar jaargange agtergeraak, soos blyk uit die feit dat die deel wat aan die begin van vanjaar verskyn het, die jaartal 1944 dra. Dit moet toegeskryf word aan die nypende geld- en papiergebrek van die oorlogsjare. Gedurende die oorlog het dit 'n paar keer gelyk of die uitgawes gestaak sou moes word, maar na lange onderhandelings tussen Redaksie en owerheid is daar darem altyd weer 'n uitweg gevind, en die Redaksie ag hom gelukkig dat hy met die werk kon voortgaan.

Dit is egter te betreur dat die Jaarboek 'n paar jaargange moes agterraak. Maar die Redaksie het voor die keuse te staan gekom of hy 'n hiaat van 'n paar jaar in die serie sou laat bly, dan of hy alles in die werk sou stel om die verlore jaargange weer op te haal.

Die eerste was verreweg die maklikste weg, maar die Redaksie het dit nie gevolg nie. Aangesien hy vir al die jaargange die nodige materiaal gehad het, en 'n gaping in die serie graag wou vermy, het hy besluit om maar voorlopig 'n paar jaar agterstallig te wees en die verlore jare dan weer te probeer inhaal. En nou skyn dit ook of hierdie besluit die verstandigste was, want die Regering het so pas ekstra fondse beskikbaar gestel, sodat die kanse gunstig is dat die uitgawes volledig tot op datum gebring sal kan word, d.w.s. as die groot nuwe kwelling van ons tyd, 'n dringende tekort aan drukkerspersoneel en -masjienerie, die werk nie weer gaan strem nie.

Dit wil voorkom of daar vandag nog jong navorsers is wat nie besef watter uitnemende publikasiemiddel hulle in die Argief-Jaarboek het nie. Dikwels val hulle nog baie rond - soms tevergeefs - om ondersteuning vir publikasie van hulle werk te kry, terwyl hulle nie daaraan dink om die werk vir die Jaarboek aan te bied nie. Die Jaarboek is immers nie slegs 'n geskikte publikasiemiddel nie, maar dit het vir die jong historikus ook dié groot voordeel dat dit sy werk behoorlik onder die aandag bring, aangesien die Jaarboek sowel binnelands as buitelands - onder biblioteke, argiewe en historici 'n ruime verspreiding geniet.

Bydraes kan in Afrikaans of Engels of Nederlands wees en moet gestuur word aan die Sekretaris, Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p/a. Die Argief, Koningin Victoriastraat, Kaapstad. Die Redaksie wil die Jaarboek graag so verteenwoordigend van die hele land as moontlik maak, maar terselfdertyd die vernaamste voorwaarde vir ophame van

werk, nl. goeie wetenskaplike gehalte, baie sterk beklemtoon. Die Redaksie gaan van die standpunt uit dat hy liewer geen Jaarboek sal laat verskyn nie, as om met prulwerk voor die dag te kom.

Medewerkers ontvang geen honorarium nie, en redaksielede gee hul dienste ook sonder enige besoldiging - vir almal is dit liefdeswerk, liefdeswerk in belang van ons volk en ons vaderlandse geskiedenis. Maar elkeen wat iets vir die Jaarboek doen, moet werk van 'n hoë gehalte lewer, sodat elkeen wie se bydrae daarin verskyn, kan weet dat hy in goeie wetenskaplike geselskap kom. Slegs as dit die geval is, sal die Jaarboek wees wat ons almal graag wil hê dat dit moet wees - 'n lewende, bevrugtende faktor in ons intellektuele en kulturele lewe.